# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (34/19)

(Volg my Twitter justchad_cga)


*Justin Chadwick 30 Augustus 2019*

***"At the end of the day it's not about what you have, or even what you have accomplished. It's about who you have lifted up, who you've made better. It's about what you've given back" Denzel Washington***

## JAPAN

Ek kan onthou van 'n onderwyser wat twintig jaar by 'n skool gewerk het, en my vertel het dat hy gevoel het dat hy een jaar se ervaring gehad het wat twinting keer herhaal is. Dit is hoekom ek dit geniet om vir die sitrusbedryf te werk – nie net is een jaar heeltemal anders as die volgende nie, maar elke maand, week en dag is anders. Op 'n Maandag weet ek nie hoe my planne vir die week gaan uitwerk nie. En so was dit ook verlede week - op Maandag het ons met Minister Didiza vergader en haar gevra om in ons marktoegangsaansoeke in te gryp deur te verseker dat handelsvennote die politieke wil het om toegang na markte te open, te behou en te verbeter. Die Minister het gevra of ons bereid sou wees om deel van President Ramaphosa se sake afvaardiging na Japan te wees. Die antwoord - "As u ons vra om môre 'n Minister of President te vergesel, sal ons daar wees." Wel, die President se besoek aan Japan was hierdie week, en die uitnodiging van Minister Patel het Woensdag gekom. In twee dae het die super- bekwame Gloria Weare al die dokumente bymekaar gehad vir 'n visum en vlugte en verblyf bespreek. Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC) het in ses ure 'n visum gereël, ministeriële inligtingsdokumente is voorberei en teen Sondag was ek op die vlug na Japan.

Dit is nie gereeld dat jy kwaliteit tyd met 'n minister kry nie – op Dinsdagaand het 'n groep van tien of so 'n inligtingsessie met Minister Patel gehad. Hy was goed ingelig oor die vrugtebedryf en het feite en syfers aangehaal wat hy uit vorige interaksies onthou het. Hy was baie ondersteunend vir ons versoeke en het President Ramaphosa reeds oor die kwessies ingelig.




Japan is 'n baie belangrike pomelo-mark - met 'n lang geskiedenis van invoer van Suid-Afrikaanse pomelo's wat tot in die 1970's terug dateer. Daar is egter die potensiaal om die mark vir ander sitrusvariëteite te verbeter. Suid-Afrika het sedert 2004 'n aansoek om die protokol en die vereistes vir koue behandelings te hersien - die laaste voorlegging deur DAFF was in 2014; met geen reaksie sedertdien van Japan MAFF nie.

Daarbenewens het Japan 'n onaanvaarbare beleid wat aansoeke vir toegang per variëteit van sagte sitrus vereis, ondanks die internasionale standaarde wat toon dat daar geen verskil in variëteite ten opsigte van behandelings is nie. Japan is een van die mees etiese lande ter wêreld - maar hier het hulle hulself in die steek gelaat. Ondanks die feit dat hulle 'n saak by die WTO verloor het - hou hulle aan met hierdie tegniese handelsbelemmering. Dit geld ook vir nawel lemoene - waar sommige variëteite nie toegelaat word nie; en vir tafeldruiwe waar slegs die barlinka-variëteit toegelaat word. Woensdag het ek die geleentheid gehad om President Ramaphosa oor hierdie kwessies in te lig, asook oor toegang vir avokado's wat sedert 2007 op die tafel is. Die President was goed ingelig voor die sitting - hy het duidelik verstaan wat nodig is en belowe om die aangeleenthede aan te spreek in sy samesprekings met premier Abie. Met meer as 250 000 EKSTRA ton sagte sitrus, en veral uitstekende laat mandaryne wat baie gewild in Japan sal wees as gevolg van hul lewendige kleur en soet smaak, is dit noodsaaklik dat die sagte sitrus toegangslys uitgebrei word. Deur die hersiening van die koue behandeling aan te spreek, kan 'n groter verskeidenheid sitrus na die Japan mark gestuur word.

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 34 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 15.4 m | 18.2 m | 15.7 m | 16.4 m | 13.9 m | 17.1 m | 15.7 m | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 12.5 m | 14.8 m | 16.8 m | 13.5 m | 14.8 m | 18.3 m | 18.9 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 18.2 m | 18.3 m | 20.6 m | 17.1 m | 17.6 m | 22 m | 22.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 20.8 m | 25.9 m | 22.5 m | 24.5 m | 19.4 m | 26.9 m | 23.2 m | 26.7 m |
| Valencias | 36 m | 32.3 m | 30.9 m | 22.8 m | 21.1 m | 52.9 m | 47 m | 54.4 m |
| **Totaal** | **102.9 m** | **109.5m** | **106.5 m** | **94.3 m** | **86.8 m** | **137.2 m** | **127.2 m** | **136 m** |